


Vainon Willis word gekeer - Foto: Gallo Images



Die Luiperds se Wesley Dunlop - Foto: Gallo Images

# Luiperds word "Geboelie"

**Potchefstroom** – Die Platinum Luiperds is behoorlik geboelie - veral voor - toe hulle Saterdag op hulle tuisveld op Profert Olënpark met 64-17 teen die Cheetahs verloor het.
Die Vrystaat se Coenie Oosthuizen en Marcel van der Merwe het elk twee keer agter die doellyn gekuier terwyl kaptein Adriaan Strauss 'n ware kapteinsbeurt gehad het met 'n uitmuntende vertoning. Aan die tuisspan se kant was Whestley Moolman die keur van die krop.

# Hoërskool Grenswag

## Dogters Krieket

**Rustenburg** – Hoërskool Grenswag se 1ste span Dogters het die 22ste Augustus 2011 teen Hoërskool Koster gespeel. Die dogters het 'n uitstekende wedstryd gehad. Hulle klop vir Koster met 133 lopies. Grenswag het eerste gekolf en teken 173 lopies aan en haal Hoërskool Koster uit vir net 40 lopies. "Ons skool is ongelooflik trots op die dogters! Hou so aan!"



Mariska van Straten slaan 66 lopies vir Grenswag teen Hoërskool Koster



Maryke van Straten slaan 29 lopies teen Hoërskool Koster 2

# Happy Springers!

What a pleasant weekend. Perfect weather, great friends, lots of loads, relaxed vibe, awesome jumping – and an impromptu spring party or two! Thanks everyone for coming out, helping out, and enjoying the SkyDive Rustenburg's vibe… you guys make it all worth the effort!
Thanks to Andre of Sign Line (Rustenburg) for printing some banging posters for us – the support is much appreciated.
Graham (legend of parachute displays for many years) has very recently finalised a date for the "Get your PRO Rating Weekend" – 23rd, 24th and 25th September – and is busy with a detailed course outline and costs… This is going to be an awesome course with a few great surprises! Pencil in the dates, confirm your interest, and check updates in these newsletters for more.
Durban Skydiving Centre recently hosted the "Skydive for Rhinos" fundraising event – a very good cause and very close to home. Check this awesome and very touching video… http://www.youtube.com/watch?v=iyuHKke0h_A
Sports Skydivers – please continue to let us know if you intend coming out, your requirements, intentions, and expectations. Whilst we do not run a rigid pre-manifest system, everyone still gets all their jumps in and more… and all in the relaxed SkyDive Rustenburg way!
**SkyDive Rustenburg (Angel SkyDive Operation)**
**CAA / ARO / 0004**
**47 km from Sun City: 100 km from Pretoria: 120 km from Johannesburg**
**GPS: S 25°38'39.04" E 27°16'1.94"**
**www.SkyDiveRustenburg.co.za**
**www.AngelSkyDive.co.za**
**079 345 7058**

# BIG OX Golf Day!

**Mahikeng** – The extremely popular Coastal Hire Big Ox golf day is scheduled for this Saturday 10 September 2011 with R25 000 in prizes to be won!
The Mahikeng Cricket Club golf day held on Saturday 3 September was won by Tjaart Viljoen and Leon van der Westhuizen with 46 points, followed by B Koekemoer and J Harmse (45). The Wednesday 31 August competition was also won by Tjaart Viljoen with 43 points, followed by Wayne Erdis (39) and Johan Jonck (38). Melvin Mbao won the Friday competition with 18 points. Well done men! See you Saturday!



# Karatekas Presteer!



Voor vlnr: Evan Wiesner (Geel); Kris Vorster (Blou); RiekertWiesner (Geel). After vlnr: Sensei F van Aswegen (Godan – 5de Dan); Sensei Marinus Goosen(Shodan – 1ste Dan)

**Hartebeespoort Dam** – Vyf lede van die Kaimoku Hartbeespoort Dojo het op 13 Augustus 2011 aan die Rustenburg Platinum Ope Toernooi deelgeneem. Hierdie vyf lede het altesaam tien medaljes verower. Evan Wiesner (10j) het deelgeneem aan Wit tot Oranje en het Goud vir Kata en Silwer vir Kumite verwerf. Kris Vorster (10jr) het deelgeneem aan Groen tot Blou en het Goud vir Kata en Brons vir Kumite verwerf. Riekert Wiesner(13jr) het deelgeneem aan 13 jaar Wit tot Oranje en Goud vir Kata en Goud vir Kumite verwerf. Sensei Francois van Aswegen het Brons vir Kata en Goud vir Kumite verwerf. Sensei Marinus Goosen (16 jr) het aan die 20 jarige afdeling deelgeneem en Silwer vir Kata en Goud vir Kumite verwerf. Sensei Van Aswegen kan by 079 592 0190 gekontak word vir enige navrae.